Ned Geref Gemeente Lyttelton-Oos

FAMILIENUUS

Sondag, 23 Augustus 2009

Hartlik welkom in die erediens vanoggend

Webtuiste: www.lytteltonoos.org.za

SONDAG, 23 AUGUSTUS

09:00 Erediens: Ds Freddie Schoeman *(Voorbereiding) (Tema: Somer)*
09:00 Kinderediens
18:00 Aanddiens: Freddie Schoeman
18:45 Kategese / Ouers kuier saam
19:30 Gesinne kuier / speel saam

MAANDAG, 24 AUGUSTUS

19:00 Droompanbyeenkoms

WOENSDAG, 26 AUGUSTUS

17:00 Biduur
19:00 Parknavalvergadering (Bladsy 5)

DONDERDAG, 27 AUGUSTUS

09:00 Bybelstudie Senior Lidmate
18:30 Alphakursus

VRYDAG, 28 AUGUSTUS

18:00-22:00 OppiKoffie “Bash” (Jeug)

SONDAG, 30 AUGUSTUS

09:00 Nagmaal: Ds Freddie Schoeman *(Tema: Herfs)*
09:00 Kinderediens
18:00 Aanddiens:
18:45 Kategese / Ouers kuier saam
19:30 Gesinne kuier / speel saam

MAANDAG, 31 AUGUSTUS

19:00 Droomspanbyeenkoms

DINSDAG, 1 SEPTEMBER

09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie

WOENSDAG, 3 SEPTEMBER

17:00 Biduur

DONDERDAG, 3 SEPTEMBER

09:00 Byelstudie Senior Lidmate
18:30 Alphakursus

VRYDAG, 4 SEPTEMBER

08:00—22:00 OppiKoffie (Jeug)

NUWE INTREKKERS

Ons wil julle graag so gou moontlik tuis laat voel en deel maak van ons geloofsgesin! Bly gerus na die diens agter dan ontmoet ons mekaar voor die kansel. Julle kan ook ds Freddie Schoeman (084 581 8139) of Max Amsenga (012 664 3629) skakel.

VOORBIDDING

1. Marie en Hermann Meier, Smutsln 124 met Marie wat die afgelope week ‘n operasie onder-gaan het (Blok 2).
2. Shereen en Adam Barnard, Witelsstr 1 met Shereen se pa wat die afgelope week in die hospitaal opgeneem is. (Blok 4).
3. Dries en Rina van der Merwe, Van Riebeeckln 149 met Rina wat tuis aansterk na ‘n voetoperasie (Blok 3).
4. Ons dink in besonder aan Gustav en Heleen Venter, Bettystr 379 met Gustav wat rekonstruksie-prosedure ondergaan het na die kaping en weer geopereer is (Blok 1).
6. Adolf Crafford, Hans Strijdomln 182 wat nog steeds wag op ‘n skenker vir ‘n nieroorplanting. (Blok 2). Ons vra voorbidding vir die hele gesin.
7. Boet en Alet Venter, Gloverln 196 met oom Boet wat siek was. Ons is bly dit gaan baie beter (Blok 4).

NAGMAAL

Die Nagmaalsgeleentheid verskuif na 30 Augustus om saam te val met die afsluiting van die reeks oor die Seisoene van ons geestelike lewe.

GEBEDSNETWERK

Kom ons begin mekaar as geloofsgesin daadwerklik te ondersteun deur deel te word van ‘n gebedsnetwerk.

HOE WERK DIT?

Jy neem verantwoordelikheid vir twee / drie gesinne. Dis jou verantwoordelikheid om hierdie gesinne gereeld te kontak en te verneem waarvoor voorbidding gedoen kan word. Daar moet elke dag vir die gesinne gebid word.

Jy is óók deel van iemand ander se verantwoordelikheid. Iemand anders kontak jou en jou gesin gereeld en doen vir julle voorbidding.

Vertroulikheid word ten alle tye gehandhaaf. Geen inligting mag sonder toestemming verder gekommunikeer word nie.

So bemoedig en versterk ons mekaar se geloof.

Ek bedoel dat, as ek by julle is, ons deur mekaar se geloof bemoedig kan word, ek deur julle s’n en julle deur myne. (Romeine 1:12)

HOE WORD EK DEEL?

Indien jy op die gemeente se sms-databasis is, sal jy van-oggend ‘n sms ontvang. Reageer deur te “reply”: “Opsie 1” of “Opsie 2” of “Opsie 1 en 2”. (Indien jy nie ‘n sms ontvang nie of nie deel van die databasis is nie, stuur ‘n sms aan 084 581 8139.) Indien jy reeds gereageer het, ignoreer asb. die sms.

Opsie 1 beteken: Ja, ek wil graag hê dat iemand my gereeld kontak en vir my bid.

Opsie 2 beteken: Ja, wil / is bereid om twee of drie gesinne gereeld te kontak en vir hulle te bid.

VAKANSIE BY MARLOTHPARK ...

Geniet ‘n heerlike vakansie terwyl die Parknaval met die netto opbrengs begunstig word.

Marlothpark

geleë teen die Krokodilrivier tussen Malelane en Komatipoort +- 90 km vanaf beide Maputu en Swaziland.

3 x Dubbelbed en suite kamers; 1x Bo vertrek (Loft) met 4 enkel beddens; totaal 10 persone.

Tarief: R200 Volwassenes R150 Kinders 6-18 jr per persoon per dag

Vir besprekings kontak Heinz Meissner :Tel 012 664 3759 / Sel 082 806 8530

e-pos heinzmeissner@vodamail.co.za

VERJAARSDAE : 23—29 AUGUSTUS 2009

08/23	MARYKE	ROELOFFZE	DF MALANLN 29	Blok 4
08/24	STÉPHAN	FREYSEN	HANS STRIJDOMLN 150	Blok 3
08/25	RITA	ACKERMAN	HANS STRIJDOMLN 40.	Blok 4
08/25	STEF	KÜHN	LANGEBRINKWEG 47	Blok 3
08/26	TINÉ	NEÜ	KRUGERLN 250A	Blok 1
08/26	JANITA	MOSTERT	DF MALANLN 104	Blok 3
08/26	TELANA	CRAFFORD	VAN RIEBEECKLN 196	Blok 2
08/27	CORNÉ	ROOS	HANS STRIJDOMLN 30	Blok 4
08/27	SARA	ALLIBONE	LA VIE AFTREE-OORD 74	Blok 4
08/28	FRITZ	SCHOEMAN	KRUGERLN 105	Blok 3
08/28	ERIKA	PIENAAR	VAN RIEBEECKLN 277	Blok 1
08/28	JUSTIN	BLIGNAUT	HANS STRIJDOMLN 199	Blok 1
08/29	COBUS	HOUGH	DF MALANLN 203A	Blok 2
08/29	JEAN-RIEGARDT	VAN STADEN	MOLTENOWEG 8	Blok 2
08/29	SONÉ	STRYDOM	HOFMEYERWEG 15	Blok 1

HUWELIKHERDENKING

DONDERDAG, 27 AUGUSTUS

ANTON EN MARIETJIE	VORSTER	KRUGERLN	3	Blok 4

GPF-VERGADERING

DINSDAGAAND

25 AUGUSTUS 2009

19:00

PARKSIG

SHEPSTONEWEG

LYTTELTON

חי

Dr Liandi Fourie

MBChB(Pret)

Algemene Praktisyn

Ons passie is
volhoubare gesondheid
dmv 'n natuurlike benadering,
lewenstylbeplanning
en natuurlike produkte.

Chris Hougaardstraat 324
Wierdapark
012-6530564

JAFFELS EN JAFELS …

Wat is die verskil tussen ’n Jaffel en ’n Jafel?
Die een slaan jy jou tande in,
Die ander sê ons jou eers later.

So was dit ook laas Vrydag by die produksielyn van kos
Geen tyd vir ledig staan of klets nie – Alet sal jou dalk pos
Die vroue smeer die snye brood, sommige dun en ander dik
En dan die heerlike vulling wat mens na jou asem laat snik.

Dries open die produksielyn met die nodige gebed
God’s werk doen jy nie sonder dat Hy daarop let
Die gasvlamme brand en die panne is gelaai
Nou net versigtig loer en betyds die pan omdraai

Leë en vol panne beweeg vinnig heen en weer
Dan bulder die klein “general” – luister vir die laaste keer!
Julle brand die kante en die middelpunt is te sag
Wees meer bedagsaam hulle mag nie vir ons lag

Dan begin die aanbrand en die jaffels is 2de klas
Dries het die oplossing, die panne word gewas.
“Spray & cook” walms hang gou in die lug
Spoedig lê die uitdaging van jaffels op sy rug.

Die geraas van panne word nou vinnig stil
Die vlamme is afgedraai, die houers word gevul
Tokkie tel die jaffels af en Rina kontroleer
Ria sit ook handjie by want ons kan baie van haar leer.

Die bakker jafels staan nou eers eenkant op sy
Sal daar dalk ’n jaffel te koop vir hulle ook oorbly
Koop of te nie die doelwit is bereik
Alles is verkoop en met die wins kan hul nou pryk.

KOM BID SAAM!

Sondagoggende vanaf 08:00 in bo-kamer
Ons bid vir:

- die erediens
- ons gemeente
- spesiale versoeke (terugvoerkaarte)

Kom berei jouself geestelik voor vir die erediens
Kom wanneer jy kan, bly solank jy wil, gaan wanneer jy moet …
Wanneer gelowiges bid sidder die duiwel

PARKNAVAL — KOEKTAFEL

Alet Venter vra bestanddele vir die koektafel in die vorm van koekmeel, suiker, eiers, Stork bak margarine, botter, bakpoeier, kondensmelk. U kan dit in die gemeentesentrum by die koektafel aflewer op ‘n Sondag.

As u nie kans sien om bestanddele aan te koop nie, ‘n geldelike donasie sal meer as welkom wees.

Enige gebak sal welkom wees sodat ons verkopings kan hou tydens die tee op ‘n Sondag na die diens. Hande om te help met die verkoop kan ook handig benut word!

PARKNAVAL : VARSPRODUKTE STALLETJIE

Is daar miskien iemand wat ‘n bydrae by die Parknaval wil lewer en van ‘n geleentheid gebruik maak om ‘n vars produkte stalletjie te beman?

Ons kan die groente goedkoper aankoop en dan ‘n klein persentasie by-voeg wat vir die Parknaval aangewend kan word.

Die persoon moet self die hele “projek” aanvoer en deurvoer. Die moontlikheid word deur Rachel Martens aangebied—ons soek net ‘n persoon om dit deur te voer!

Indien iemand belangstel, skakel Kobus Badenhorst (083 235 1084).

Woordwyser e-pos dagstukkies

Ontvang daagliks in jou e-pos 'n Woordwyser dagstukkie!

Elke Woordwyser-dagstukkie is 'n wyser na die Woord toe—dit help jou om elke dag se Skrifgedeelte te verstaan deur genoeg agtergrondinligting en woordverklarings te gee. Bybelboeke word sistematies behandel.

Teken in @ R50 per jaar deur na die Oostelike Sinode se webwerf te gaan (www.sinoos.co.za) en op die tuisbladsy op die skakel by "Daaglikse e-dagstukkie" te klik of tik die volgende adres in jou internetprogram in: http://www.sinoos.co.za/e-dagstukkie

---

TERUGVOER

Jou terugvoer is vir ons belangrik!

Om beplanning te doen, dinge te verbeter, 'n ryker eredienservaring te skep, ons gemeentebediening en –praktyke te verskerp is dit vir die leierskap van die gemeente uiters belangrik om te hoor wat lidmate sê.

Die terugvoerkaarte in die banke is een belangrike manier waarop jy kan terugvoer gee en kan aandui wat jou opgewonde en bly maak en die wat die haakplekke en krapplekke in die gemeente is.

Vul dus gerus sommer nou 'n terugvoerkaart in!

Baie dankie—ons waardeer dit regtig baie.

'n Tweede metode wat Satan gebruik, is om arbeiders moedeloos en moeg te maak. Deur vrugtelose arbeid, aanvegtinge, harde harte, siekte en frustrasies wil hy die geestelike werkers se moed breek en hulle laat tou opgooi. Dit is 'n bekende feit dat omtrent 50% van alle werkers wat hulle vir sendingwerk aanmeld, na 'n jaar nie meer in die veld is nie. Die werkers wat hulle net vir een jaar beskikbaar stel, is nie hierby ingesluit nie. Hierteen moet gebid word.

Bid dat die Here 1 Kor 15:58 sal ingraveer in die harte van alle geestelike werkers: "Daarom, liewe broers, wees verstandig, onwankelbaar, altyd oorvloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle inspanning in diens van die Here nie tevergeefs is nie."

Die Skrif leer baie duidelik dat Satan die geestelike werker direk aanval. Dit is baie duidelik uit Ef 6:10-18. Die wapenrusting moet juis aangetrek word sodat die geestelike werker staande kan bly teen die aanslae van die Bose. Kol. 4:20 sê ons moet bid dat die gelowige staande kan bly, volwasse sal word en volkome gehoorsaam aan die wil van God sal wees. Vir die geestelike werker moet daar gebid word vir geestelike krag, vir die vervulling en die salwing met die Heilige Gees. Bid Efesiers 3:16-19.

Hoop u het 'n wonderlike biddende week.

Groete

Gebedsgroep

BAIE DANKIE …

Oom Willie en tannie Theresa Smith sê baie dankie vir die gebede, besoeke en oproepe tydens hulle siekte. Hulle is dankbaar dat die Here so goed is vir hulle. Dit gaan baie beter gaan met hulle gesondheid.

GEBEDSBRIEF

SONDAG, 23 AUGUSTUS 2009

Liewe Gemeente

Ons het laas gesels oor gebedsteikens en nou gaan ons meer intensief kyk na die teikens waarvoor ons moet bid.

BID VIR JOUSELF

Dit is noodsaaklik dat elke voorbidder vir homself moet bid. Hier gaan dit oor sondes waarvoor daar nog nie oorwinning behaal is nie, gebed vir geestelike krag, toerusting en groei. Hierdie gedeelte mag nooit afgeskeep word nie - en juis dit word dikwels gedoen.

BID VIR DIE GEESTELIKE WERKERS

Daar kan beswaarlik aan 'n belangriker groep mense gedink word vir wie daar gebid moet word. Uit statistiek omtrent die geestelike ongevalle by geestelike werkers en geestelike leiers, is dit duidelik dat ons hier met 'n uiters direkte en aggressiewe aanslag van die Bose te doen het. Dit is veral die afgelope 20-30 jaar die geval en volgens alle aanduidings is die stryd op dié terrein besig om hewiger te word. Die Satan het sy metodes om die geestelike werker aan te val.

Hy probeer om mense wat deur God tot voltydse geestelike werk geroep is, te verhinder om gehoor te gee aan hierdie opdrag. Hy gee vir hulle aanloklike aanbiedings, groot salarisse, hoë posisies en op baie ander maniere kry hy mense sover om aan God gehoorsaam te wees.

In Matt 9:37-38 staan daar: "Die oes is groot maar die aarbeiders min. Bid dat die Here aan wie die oes behoort, om arbeiders uit te stuur vir Sy oes." Wanneer die Griekse woord vir uitstuur van nader bekyk word, blyk dit dat dit eintlik beteken om uit te forseer, uit te pers of uit te gooi. Die Amplified Bible stel dit dan ook soos volg: "So pray to the Lord of the harvest to force out and thrust out laborers into His harvest."

PARKNAVAL 2009

(Weer in die park vanjaar)
Saterdag 19 September 2009

Al die gewone eetgoed, soetgoed, mooigoed en vermaak vir oumens, grootmense, jongmense en kinders.

SPESIAAL HIERDIE JAAR
Cars in the park

'n verkeidenheid nuwe en veteraan motors.
(Vir meer besonderhede kontak Arie Roos 082 578 6595).

Potjiekos kompetisie

Skryf in en wen 'n naweek vakansie vir 4 persone by Verdwaalskloof Lodge te Swartwater, Ellisras.

(Inskrywings vorms en besonderhede: Arie Roos 082 578 6595)

ONS VERSOEK GRAAG DIE VOLGENDE

Boeke, plante en glans tydskrifte (bv. Men's Health, Weg, G & Home, Top Billing, De Kat, ens.): Hermann Meier 664 4760.

Persone wat kan help met die bak van koek en beskuit. Alet Venter 012 664 3282.

Enige persone wat wil help en nog nie by 'n aktiwiteit ingeskakel is nie. Kobus Badenhorst 083 235 1084.
(Kyk bladsy 3)

VOLGENDE VERGADERING …

WOENSDAG, 26 AUGUSTUS 2009 OM 19:00
AAN HUIS VAN KOBUS BADENHORST,
VAN RIEBEECKLN 281

Alpha

'n Geleentheid om die betekenis van die lewe te ontdek

23 Julie—22 September

Elke Donderdagaand om 18:30.

Kom vra jou vrae
Kom verken die terrein van die geloof
kom deel in die saamwees

Dui jou belangstelling op 'n terugvoervorm aan of skryf in op ons webblad by

http://www.lytteltonoos.org.za/inligting/alpha.htm

DANKOFFER PER INTERNET

Lidmate is welkom om hulle maandelikse dankoffer / geloofoffer per internet oor te plaas.

Die gemeente se rekeningbesonderhede is as volg:
ABSA Lyttelton / Takkode: 335 045
Gemeentefonds (vir dankoffers) 600 580 159
Geloofoffer: 4050 438 756

Jy kan ook ons webtuiste besoek by www.lytteltonoos.org.za en op die GivenGain ikoon klik om dankofferoordrag te vergemaklik

Daar is ook eDebietordervorms in die konsistorie beskikbaar—kom vra vir een na die diens of skakel Sexta Maree by 0126644458 Maandae of Woensdae of op haar sel 0724344670 of vra een aan by ngk@lytteltonoos.org.za.

Die Lente is hier!!!

Liewe Gemeente-lid,
Jy, jou familie en vriende word hartlik uitgenooi na Lyttelton-Oos se

Gemeente Ete!

Wanneer: 4 September 2009
Tyd: 18:00 vir 18:30
Waar: Lyttelton-Oos Kerksaal

Kom luister na

Liza van "Liza se Klavier"!

Onthou: Eie drinkgoed.
Wyn sal te koop wees.
Kaartjies beskikbaar na oggenddiens in kerksaal, of skakel Tania 083 408 0860
(R70 vir volwassenes, R30 vir kinders onder 12 jaar)

Sien uit om jou daar te sien!

Kaartjies is by tee beskikbaar na die diens.

Bespreek nou en betaal later!

Daar sal kelners (ons jongmense!) beskikbaar wees om ons ouer lidmate te bedien tydens die aand.